
# Sebra-leesboeke Oranje-reeks


# Aktiwiteite











Shuter & Shooter
PIETERMARITZBURG • JOHANNESBURG • OOS-LONDEN • KAAPSTAD

Die outeurs en uitgewer erken met dankbaarheid verlof om kopieregmateriaal in hierdie werkvelle te gebruik.
Alle redelike pogings is aangewend om kopiereghouers op te spoor. Die uitgewers verneem graag van
inligting wat hulle in staat sal stel om enige weglatings of regstellings in hieropvolgende oplae reg te stel.

www.shuters.co.za
Shuter&Shooter
@Shuters

Shuter & Shooter Uitgewers (Edms.) Bpk.
Shuters House, CB Downesweg 110, Pietermaritzburg 3201, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika
Posbus 61, Mkondeni 3212, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika

Kopiereg © Shuter & Shooter Uitgewers (Edms.) Bpk. 2019

Eerste uitgawe 2019


TM2001338


This is an Afrikaans Activity Book


**Sebra-leesboeke**


# Oranje-reeks




| Inhoud | Datum voltooi |
|---|---|
| **Spoke en bewaarders van die bos** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Redding om middernag** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Veediewe!** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Die bulderende rivier** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |
| **Om die wêreld** | |
| Aktiwiteit 1 | |
| Aktiwiteit 2 | |
| Aktiwiteit 3 | |
| Aktiwiteit 4 | |

# Lees en dink krities

## A Oorsaak en gevolg

Skryf langs elke oorsaak die regte gevolg. *Die eerste een is vir jou gedoen.*

| | |
|---|---|
| *Brian sien 'n plakkaat in die venster.* | *Hy begin dit lees.* |
| Preston sit boks-paaltjies op. | Hy kyk buitentoe. |
| Brian gaan na die venster. | Sy vra Shaun om met Brian te praat. |
| Ma voel so desperaat. | Hulle word op borgtog vrygelaat. |
| Brian hardloop in die bos. | Hulle gaan krieket speel. |
| Imram en sy maats gaan hof toe. | Hy voel skielik hoe hy val. |

## B Byvoeglike naamwoorde

Skryf hierdie sinne oor met gepaste byvoeglike naamwoorde. Moenie die woorde "lekker" en "groot" gebruik nie.

Ons sing baie __________ liedjies, wat ek geniet.

Hendrik Barnado het sy __________ huis van geelhout-planke gebou.

Shaun en Angela sê ons gaan vandag na die __________ bos.

Brian kom by die __________ paadjie wat afloop see toe.

Al wat hy kan hoor, is die __________ honde.

Deur die bome sien Brian 'n vrou in 'n __________ rok.

Brian kyk na sy __________ enkel, waarop hy nie kan trap nie.

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Beantwoord begripsvrae en werk met leestekens

## A Begrip

Lees die teks en beantwoord die vrae hieronder en op die volgende bladsy.

Ek hoor die gehuil voordat ek die figuur sien. "WHAAAA!" Die geluid laat my bloed stol. Deur die bome sien ek 'n vrou in 'n wit rok wat 'n klein bondeltjie in haar arms vashou. Die voorkant van haar lang, wit rok is gestreep met iets donker. Is dit bloed?

Ek moet gou maak. Sy vleg tussen die bome deur en maak dit amper onmoontlik om te mik. Maar toe sy 'n klein openinkie binnegaan, vee ek die krieketbal aan my jeans af en gooi ... Dit tref haar KAPLAKS! teen die skouer.

Ek bars my pad oop deur die bos. Ek skarrel by die wal af, gly op my boude, trappel oor 'n stroom en trek myself aan die anderkant op. Ek trek weer weg, maar hierdie keer kom ek nie ver nie. Want skielik voel ek hoe ek val ... val ... en tref die grond met 'n aaklige slag.

Beantwoord die vrae in volsinne.

1. Wat is die hoofidee in hierdie storie?
2. Wat bedoel Brian wanneer hy sê "Die geluid laat my bloed stol"?
3. Wat, dink jy, was op die rok om dit soos bloed te laat lyk?

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Spoke en bewaarders van die bos

*Vervolg*

4. Dink jy Brian kon goed gooi? Waarom sê jy so?
5. Wat sou jy doen as jy 'n spook moes sien?
6. Hoe het Brian aan die ander kant van die bos gekom?
7. Watter woord word in die storie vir "woud" gebruik?
8. Dink jy Brian was dapper? Waarom sê jy so?
9. Skryf die woorde in alfabetiese orde: bondeltjie, jeans, figuur, slag, gehuil, aaklige, stroom.
10. Hoe weet ons Brian het krieket gespeel?

## B Leestekens

Skryf hierdie sinne oor met die nodige hoofletters, kommas, punte en vraagtekens.

1. hendrik barnardo was regtig lief vir geelhoutbome
2. wie was daardie man in die bakkie
3. brian se helde is jonty rhodes en colin bland
4. my broer Imram hou glad nie van krieket nie
5. wat maak jy hier brian



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Gebruik kritiese denke

## A Korrekte einde

Skryf elke sin met die korrekte einde oor.

| | |
|---|---|
| In die verte hoor ek stemme ... | hulle 'n werk aangebied het. |
| Imram lyk asof hy van plan is ... | en bome afkap nie. |
| Hy lê op sy maag en steek sy arm af ... | om my te slaan. |
| Die storie is dat die ou in die bakkie ... | om my op te trek. |
| Jy kan nie net in die bos gaan ... | en hulle is op pad in my rigting. |

## B Voegwoorde

Verbind hierdie sinne met voegwoorde uit die lys.

**totdat en maar of want**

| | |
|---|---|
| Ek gaan haal my krieketkolf. | Ek en Preston gaan speel. |
| Imram wil uitgaan. | Ma het gesê hy mag nie. |
| Ek kry die paadjie. | Ek is gou in die bos. |
| Ek en Imram speel krieket. | Dit is te donker om te sien. |
| Ons kan met die paadjie langs loop. | Ons kan in die bos loop. |


© Shuter & Shooter Uitgewers

# Werk met woorde

## Homofone

Kies die korrekte woord (homofoon) wat in elke sin pas.
*(Gebruik 'n woordeboek.)*

1. My *(hart/hard)* klop vinnig toe ek die spook sien.
2. Die paadjie *(ly/lei)* na die bos.
3. Gaan *(hael/haal)* die paaltjies sodat ons kan speel.
4. Dit is 'n hele *(ent/end)* na die bos.
5. Hulle wil die geelhoutbome afkap, *(maer/maar)* hulle mag nie.




© Shuter & Shooter Uitgewers

## Speel met soortname

**A** Kies die soortnaam wat in elke sin pas.

1. Julie het uitgesien na ’n nag in die *(huis/grot)*.
2. Pa bind ’n *(belt/tou)* om Ma se middel vas.
3. Pa het oor ’n *(klip/fiets)* gestruikel.
4. Julie vra vir haar pa vir ’n *(sjokolade/kaart)*.

**B** Maak ’n sin met elke soortnaam. Onderstreep die woorde in jou sinne.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **boom** | **ponie** | **seun** | **kampvuur** | **tent** |

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met taal

### A Eiename

Skryf die sinne met die nodige hoofletters oor. Onthou, eiename begin altyd met 'n hoofletter.

1. sam gee vir thatho 'n koppie koffie.
2. pa het sy braai by makro gekoop.
3. ma bestuur 'n toyota-motor.
4. thatho het sy stapstewels by edgars gekoop.
5. hulle het 'n beacon-sjokolade gedeel.

**B** Skryf die sinne oor en sê of elkeen 'n bevel, 'n vraag, 'n stelsin of 'n uitroep is.
*Die eerste een is vir jou gedoen.*

1. Hulle stap oor die hangbrug. *Stelsin*
2. "Julle ouens bly net hier," sê Pa.
3. Hoe ry 'n mens perd, Dumi?
4. Jippie, ons gaan kampeer!
5. Wat as die ponie weghardloop?
6. Dumi wys vir hulle hoe om die leisels vas te hou.

© Shuter & Shooter Uitgewers

*Vervolg*

**C** Skryf die soortname hieronder neer en skryf langs elkeen ’n eienaam wat daarby pas.

Voorbeeld: TV-stel – *Samsung*

winkel ______________________________

motor ______________________________

meisie ______________________________

berg ______________________________

hond ______________________________

stad ______________________________

selfoon ______________________________

rivier ______________________________

land ______________________________

tee ______________________________

**D** Kies vyf eiename uit jou lys en maak jou eie sinne daarmee.



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Lees 'n teks en beantwoord vrae

## Begrip

"Sjuuuutttt!" Dumi waai sy hand na Sam. "Nie so hard nie. Ek wou nie sê nie, weet jy. Wou haar nie bangmaak nie. Ek het vanmiddag oor die radio gehoor. Daar's 'n sneeustorm aan die kom. Vannag. Teen die oggend sal niemand in die berge kan in- of uitkom nie. Ons moet *nTombi* se ouers nou dadelik red, vinnig. As ons dit nie doen nie, sal ons dalk ook gered moet word."

Dit is amper middernag toe Julie skree: "Kan julle dit hoor?!" In die verte is die bekende gedreun van water. Die waterval. "Ons het dit gemaak! O, Dumi, ons het dit gemaak. Baie dankie!" roep sy uit en spring van haar saal af.

Julie vind haar pa gestut teen 'n boomstam, en haar ma lê met haar kop op sy skoot. "Het julle die veldwagters gebring?" vra Julie se pa.



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Redding om middernag

*Vervolg*

## Vrae

Beantwoord hierdie vrae in volsinne. Maak seker dat jy hoofletters en punte reg gebruik. Onthou ook om nooit 'n antwoord met "want" of "omdat" te begin nie.

1. Hoe het Dumi geweet dat daar 'n storm gaan wees?
2. Wat was Dumi se bynaam vir Julie?
3. Waarom moes die kinders gou maak?
4. Skryf die woorde in alfabetiese orde:
   radio, ouers, waterval, saal, oggend, opskud, bang.
5. Wat sou met Julie se ouers kon gebeur?
6. Dink jy Dumi was nie baie slim nie, slim of baie slim? *Ek dink* ...
7. Wat het Julie laat besef dat hulle op die regte plek is?
8. Waarteen het Pa geleun?
9. Wie, het Pa gedink, het Julie gebring om hulle te help?
10. Watter woord sê vir ons dat die waterval 'n groot geraas gemaak het?

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Pret met 'n gedig

Skryf die gedig oor met woorde uit die lys. Leer dit dan. Groepe kan dit opsê of opvoer.

**Wag Groen**

**klaar veilig**

**reëls motors links**

### BLY VEILIG OP DIE PAD

Die skool is __________! Kinders baljaar.

Maar wag 'n bietjie daar

voor julle oor die straat storm.

Kyk eers __________, en kyk dan regs.

__________ beteken: "Stap gou oor!"

Maar rooi beteken: "__________ net hier!"

Oranje sê: "Maak tog gou,

die __________ kom nou-nou!"

Hierdie __________ moet jy onthou

om __________ op die pad te bly.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met taal

### A Versamelname

Pas elke versamelnaam by die regte beskrywing.

'n ________________ bye
'n ________________ olifante
'n ________________ hondjies
'n ________________ spelers
'n ________________ wasgoed
'n ________________ dolfyne
'n ________________ blomme
'n ________________ skepe
'n ________________ druiwe
'n ________________ eiers

**Bondel**
**Broeisel**
**Ruiker**
**Skool**
**Span**
**Swerm**
**Trop**
**Tros**
**Vloot**
**Werpsel**

### B Voorsetsels

Skryf 'n sin oor elke prent in die boek. Onderstreep die voorsetsels in jou sinne.

*Die eerste een is vir jou gedoen.*

Die mense stap oor die berg.



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Herken sinsoorte

Skryf hierdie sinne oor en sê of elkeen 'n bevel, 'n vraag, 'n stelsin of 'n uitroep is.

*Die eerste een is vir jou gedoen.*

1. Sam staar na die dam. *Stelsin*
2. O aarde, daar kom Julie!
3. Wat kan ons nou maak?
4. Bly net hier!
5. Sam loer by die motorvenster uit.



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Lees 'n teks en beantwoord vrae

## Begrip

"Ons moet teruggaan na die tsotsi's toe," mompel Mandla. Hy kyk snaaks na Thatho. "Ek kan nie bestuur nie. Jy moet," sê hy met 'n halwe glimlag. Dit verander sy gesig heeltemal, dink Sam verbaas, en slaak 'n sug van verligting.
"Daardie *skebengas* is bekend hier rond," sê Nomfundo. "Mense het hulle in die nag by die township sien inry met diere in daardie ou vragmotors van hulle gepak. Maar almal is bang vir hulle. Niemand wil iets doen nie. 'n Spoggerige motor kom besoek hulle soms. 'n Motor uit die groot stad," sê sy sagter, "met vet mans in pakke klere en goue juwele. Ryk tsotsi's!" spoeg sy die woorde kwaai uit.

Beantwoord die vrae in volsinne.

1. Wie het gesê Thatho moet die motor bestuur?
2. Waarom was Sam verlig?
3. Wat het die diewe gesteel?
4. Waarom, dink jy, was mense bang vir die diewe?
5. Wie, dink jy, is die diewe se base?
6. Dink jy Nomfundo het van die diewe gehou? Waarom sê jy so?
7. Wat het die ryk mans gedra?
8. Van watter stad het hulle gekom, dink jy?
9. Rangskik die woorde in alfabetiese orde: glimlag, township, goue, stad, diere, gesig.

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Veediewe!

## Werk met sinne en werkwoorde

**A** Skryf die sinne wat deurmekaar is in die regte volgorde.

1. strompel Die beeste skuinste teen die uit.
2. haal diep Julie begin en gil. asem
3. die deur Dumi maak klim oop en uit.
4. dreun Die deur vragmotors die hek.

**B** Skryf die sinne oor met die korrekte werkwoorde.

1. Sam *(laat val, haak, vat)* Thatho se pet.
2. Mnr. Smith is deur die veediewe *(opgetel, vasgebind, ontvoer)*.
3. Die drie seuns *(hardloop, spring, kruip)* na waar die mans stry.
4. Sam *(spring, lag, huil)* wanneer iemand teen die venster klop.
5. Thatho *(loop, kruip, nael)* om die hek vir die beeste oop te maak.



© Shuter & Shooter Uitgewers

# Oefen tye en werkwoorde

## Werkwoorde

**A** Hierdie sinne is in die teenwoordige tyd. Skryf dit in die **verlede tyd**. Die werkwoorde is onderstreep.
*Die eerste een is vir jou gedoen.*

1. Die kinders staan onder 'n grasdak.

   *Die kinders* ***het*** *onder 'n grasdak* ***gestaan****.*

2. Sam sien bokke onder die akasias.
3. Aandete word onder die sterre bedien.
4. Sam kyk na Julie en Dumi.
5. Mnr. Lithuli vou sy arms oor sy bors.
6. Thatho skree, en omhels sy pa.

**B** Skryf die sinne oor met die korrekte werkwoord.
Die prente sal jou help.



Sam *(sit, lê, slaap)* op die rusbank.

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Die bulderende rivier

*Vervolg*



Sam *(klou, hou, gryp)* aan die kant van die boot.



Dit lyk asof haar kajak vir 'n oomblik vassit en toe *(rol, bars, skiet)* dit skielik in die lug op.

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Verbeter jou taal

## A Idiome

Teken 'n prent wat by elke sin pas. Skryf dan die idioom en sy betekenis onder elke tekening neer.

1. Sam lag hom dood.
2. Hy gaan slaap saam met die hoenders.
3. Sy laat die aap uit die mou.
4. Hulle baklei soos kat en hond.
5. Die appel val nie ver van die boom nie.

## B Voegwoorde

Verbind die sinne met voegwoorde uit die lys.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **totdat** | **en** | **as** | **maar** | **of** | **want** |

1. Sam loop na die rusbank. Hy tel 'n strokiesboek op.
2. Julie buig onder die gewig van die water. Sy hou nooit op met roei nie.
3. Die kinders dra reddingsbaadjies. Hulle wil nie verdrink nie.
4. Die seuns roei. Hulle kom by Kugobhoza Umfula.
5. Die kinders sal na wild gaan kyk. Die reën hou op.
6. Die kinders kan gaan visvang. Hulle kan by die kampterrein speel.

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Die bulderende rivier

## Dink krities

### A Stroomversnellings

Hieronder is vier sinne oor stroomversnellings. Skryf elkeen oor en sê watter graad stroomversnelling beskryf word. *Die eerste een is vir jou gedoen.*

1. Nogal vreesaanjaend – rowwe water, middelmatige golwe. *Graad 3-stroomversnelling*
2. As ons by hierdie stroomversnellings kom, haal ons gewoonlik ons bote uit die water uit en dra dit.
3. Dit is 'n bietjie meer pret – rowwe water met klein golfies.
4. Plat water met 'n paar rowwe gedeeltes waardeur jy eintlik net kan vaar.

### B Bywoorde

Skryf die sinne oor met bywoorde uit die lys.

**gevaarlik doodstil styf ligvoets bruisend**

1. Sam klou _______________ aan sy roeispaan vas en probeer om nie aan krokodille te dink nie.
2. Dumi spring _______________ van die boot af en gryp die kant van die ander opblaasboot.
3. Die opblaasvlot swaai _______________ van kant tot kant.
4. Angela sit _______________ tussen mnr. Lithuli en Julie.
5. Big Daddy bulder en stort _______________ na onder.

© Shuter & Shooter Uitgewers

## Werk met woorde en sinne

### A Volgorde

Hierdie prente vertel die storie van die bulderende rivier, maar dit is nie in die regte volgorde nie. Rangskik die prente in die korrekte volgorde.







### B Sinonieme

Skryf die woorde neer. Skryf dan langs elkeen twee of drie woorde wat min of meer dieselfde beteken. ('n Woordeboek sal jou help.) *Die eerste een is vir jou gedoen.*

- moeg – *uitgeput, pê, gedaan*
- pragtig
- rus
- aaklig
- angstig
- tevrede

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Lees 'n teks en beantwoord vrae

## Begrip

Lees die paragraaf en beantwoord dan die vrae in volsinne, tensy anders gevra.

Klein groepies inheemse mense voer wel 'n bestaan in die strawwe klimaat van die Namib. Een so 'n groep is die Himba-mense in die noorde van Namibië. Omdat hulle so afgesonderd lewe, het hulle baie van hulle tradisies en lewenswyse behou. Die min klere wat hulle dra, word van dierevelle gemaak. Die vroue is bekend vir die rooi kleur van hulle vel as gevolg van die bottervet en oker klei wat hulle daaraan smeer.



© Shuter & Shooter Uitgewers

*Vervolg*

## Vrae

1. Is die stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   Die inheemse mense in Namibië woon in groot groepe.
2. Skryf net die korrekte antwoord tussen hakies neer:
   Die woorde "voer 'n bestaan" beteken *(eet/lewe/reis)*.
3. Watter woord sê vir ons dat die klimaat moeilik is? Skryf net die woord neer – tussen aanhalingstekens (" ").
4. In watter deel van Namibië woon die Himba-mense? Skryf drie opeenvolgende woorde neer.
5. Wat het die Himba-mense gehelp om hulle tradisies te behou?
6. Watter woord in die paragraaf beteken "die manier waarop mense lewe"? Skryf net die woord neer.
7. Is die stelling **waar** of **onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord.
   Die Himba-mense dra baie verskillende lae klere.
8. Waar kry die Himba-mense hulle klere?
9. Watter kleur is die Himba-vroue se vel?
10. Wat smeer die vroue aan hulle vel? Skryf twee afsonderlike woorde neer.



© Shuter & Shooter Uitgewers

## Brei jou woordeskat uit

### Lande, inwoners en beskrywende woorde

In die leesboek het ons van al die lande hieronder gelees. Vul die tabel in. *Die eerste een is vir jou gedoen.*



| Land | Inwoners | Byvoeglike naamwoord |
|---|---|---|
| Suid-Afrika | *Suid-Afrikaners* | *Suid-Afrikaanse* |
| 1. China | | |
| 2. Amerika | | |
| 3. Australië | | |
| 4. Brasilië | | |
| 5. Duitsland | | |
| 6. Egipte | | |
| 7. Engeland | | |
| 8. Kanada | | |
| 9. Kenia | | |
| 10. Mexiko | | |
| 11. Namibië | | |
| 12. Nigerië | | |
| 13. Spanje | | |
| 14. Tanzanië | | |
| 15. Viëtnam | | |

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Werk met taal

## A Intensiewe vorme

In 'n woestyn soos die Sahara kan dit baie **warm** of **vuurwarm** raak. Gee die intensiewe vorm van die volgende woorde.

1. koud – ________________
2. nat – ________________
3. droog – ________________
4. breed – ________________
5. donker – ________________
6. leeg – ________________
7. vol – ________________
8. glad – ________________
9. rond – ________________
10. swaar – ________________

## B Trappe van vergelyking

Die Oranjerivier is **lank**, die Amasone is **langer** en die Nyl is die **langste**. Vul die tabel in.

| | | |
|---|---|---|
| 1. klein | | |
| 2. | mooier | |
| 3. | | die grootste |
| 4. breed | | |
| 5. droog | | |
| 6. | | die natste |
| 7. | korter | |
| 8. | | die hoogste |
| 9. | minder | |
| 10. baie | | |

© Shuter & Shooter Uitgewers

# Verbeter jou taal

## A Ontkenning

Kyk na die voorbeeld en beantwoord dan die vrae in die ontkennende vorm.

**Voorbeeld:** Is dit warm in Antarktika?
**Antwoord:** Nee, dit is **nie** warm in Antarktika **nie**.

1. Reën dit baie in die Sahara? *Nee, ...*
2. Is dit koud op die ewenaar? *Nee, ...*
3. Is die Amasone die langste rivier? *Nee, ...*
4. Is berg Kilimandjaro die hoogste berg? *Nee, ...*
5. Sneeu dit ooit langs die Malawi-meer? *Nee, ...*
6. Was jy al by die Noordpool? *Nee, ...*
7. Is daar nog olifante op Tafelberg? *Nee, ...*
8. Is daar êrens 'n gletser in Suid-Afrika? *Nee, ...*

## B Antonieme

Kyk na die voorbeeld en gee dan antonieme vir die woorde hieronder.


**Voorbeeld:** kort – lank


1. warm – ____________
2. breed – ____________
3. hoog – ____________
4. nat – ____________
5. diep – ____________
6. nuut – ____________
7. groot – ____________
8. ver – ____________
9. skaars – ____________
10. koud – ____________


© Shuter & Shooter Uitgewers


# Antwoorde vir die aktiwiteite oor die Oranje-leesboeke



# Oranje Sebra-leesboeke

## Boek 1: Spoke en bewaarders van die bos — Aktiwiteit 1

**A**

1. Preston sit boks-paaltjies op. Hulle gaan krieket speel.
2. Brian gaan na die venster. Hy kyk buitentoe.
3. Ma voel so desperaat. Sy vra Shaun om met Brian te praat.
4. Brian hardloop in die bos. Hy voel skielik hoe hy val.
5. Imram en sy maats gaan hof toe. Hulle word op borgtog vrygelaat.

**B**

1. Ons sing baie **vrolike** liedjies, wat ek geniet.
2. Hendrik Barnado het sy **pragtige** huis van geelhoutplanke gebou.
3. Shaun en Angela sê ons gaan vandag na die **donker** bos.
4. Brian kom by die **kronkelende** paadjie wat afloop see toe.
5. Al wat hy kan hoor, is die **blaffende** honde.
6. Deur die bome sien Brian 'n vrou in 'n **wit** rok.
7. Brian kyk na sy **geswelde** enkel, waarop hy nie kan trap nie.

## Boek 1: Spoke en bewaarders van die bos — Aktiwiteit 2

**A**

1. Die hoofidee is dat Brian 'n "spook" gesien het.
2. Hy bedoel hy was baie bang.
3. Dit kon tamatiesous gewees het.
4. Ja, want hy het die "spook" raakgegooi.
5. Ek sou baie vinnig weghardloop!
6. Hy het deur die bos gebreek.
7. Die woord is "bos".
8. Ja, want hy het op sy eie in die bos in gegaan.
9. aaklige, bondeltjie, figuur, gehuil, jeans, slag, stroom
10. Hy het 'n krieketbal by hom gehad.

**B**

1. **H**endrik **B**arnardo was regtig lief vir geelhoutbome**.**
2. **W**ie was daardie man in die bakkie**?**
3. **B**rian se helde is **J**onty **R**hodes en **C**olin **B**land**.**
4. **M**y broer **I**mram hou glad nie van krieket nie**.**
5. **W**at maak jy hier**,** **B**rian**?**

## Boek 1: Spoke en bewaarders van die bos — Aktiwiteit 3

**A**

1. In die verte hoor ek stemme en hulle is op pad in my rigting.
2. Imram lyk asof hy van plan is om my te slaan.
3. Hy lê op sy maag en steek sy arm af om my op te trek.
4. Die storie is dat die ou in die bakkie hulle 'n werk aangebied het.
5. Jy kan nie net in die bos gaan en bome afkap nie.

**B**

1. Ek gaan haal my krieketkolf, **want** ek en Preston gaan speel.
2. Imram wil uitgaan, **maar** Ma het gesê hy mag nie.
3. Ek kry die paadjie, **en** ek is gou in die bos.
4. Ek en Imram speel krieket **totdat** dit te donker is om te sien.
5. Ons kan met die paadjie langs loop, **of** ons kan in die bos loop.

## Boek 1: Spoke en bewaarders van die bos — Aktiwiteit 4

1. My **hart** klop vinnig toe ek die spook sien.
2. Die paadjie **lei** na die bos.
3. Gaan **haal** die paaltjies sodat ons kan speel.
4. Dit is 'n hele **ent** na die bos.
5. Hulle wil die geelhoutbome afkap, **maar** hulle mag nie.

## Boek 2: Redding om middernag — Aktiwiteit 1

**A**

1. Julie het uitgesien na 'n nag in die **grot**.
2. Pa bind 'n **tou** om Ma se middel vas.
3. Pa het oor 'n **klip** gestruikel.
4. Julie vra vir haar pa vir 'n **kaart**.

**B** Leerders skryf hulle eie sinne.

## Boek 2: Redding om middernag — Aktiwiteit 2

**A**

1. **S**am gee vir **T**hatho 'n koppie koffie.
2. **P**a het sy braai by **M**akro gekoop.
3. **M**a bestuur 'n **T**oyota-motor.
4. **T**hatho het sy stapstewels by **E**dgars gekoop.
5. **H**ulle het 'n **B**eacon-sjokolade gedeel.

**B**

1. Hulle stap oor die hangbrug. **Stelsin**
2. "Julle ouens bly net hier," sê Pa. **Bevel**
3. Hoe ry 'n mens perd, Dumi? **Vraag**
4. Jippie, ons gaan kampeer! **Uitroep**
5. Wat as die ponie weghardloop? **Vraag**
6. Dumi wys vir hulle hoe om die leisels vas te hou. **Stelsin**

**C** winkel – Checkers; motor – Mazda; meisie – Amanda; berg – Tafelberg; hond – Wagter; stad – Durban; selfoon – Samsung; rivier – Gariep; land – Suid-Afrika; tee – Joko

**D** Leerders skryf hulle eie sinne.

## Boek 2: Redding om middernag — Aktiwiteit 3

1. Dumi het dit oor die radio gehoor.
2. Haar bynaam was *nTombi*.
3. Die sneeu sou keer dat hulle by Julie se ouers uitkom.
4. bang, oggend, opskud, ouers, radio, saal, waterval
5. Julie se ouers kon doodgaan.
6. Ek dink Dumi was baie slim.
7. Julie het die waterval gehoor.
8. Pa het teen 'n boom/boomstam geleun.
9. Hy het gedink Julie het die veldwagters gebring.
10. Die woord is "gedreun".

## Boek 2: Redding om middernag — Aktiwiteit 4

**BLY VEILIG OP DIE PAD**

Die skool is **klaar**! Kinders baljaar.
Maar wag 'n bietjie daar
voor julle oor die straat storm.
Kyk eers **links**, en kyk dan regs.
**Groen** beteken: "Stap gou oor!"
Maar rooi beteken: "**Wag** net hier!"
Oranje sê: "Maak tog gou,
die **motors** kom nou-nou!"
Hierdie **reëls** moet jy onthou
om **veilig** op die pad te bly.

## Boek 3: Veediewe! — Aktiwiteit 1

**A**

1. 'n Swerm bye
2. 'n Trop olifante
3. 'n Werpsel hondjies
4. 'n Span spelers
5. 'n Bondel wasgoed
6. 'n Skool dolfyne
7. 'n Ruiker blomme
8. 'n Vloot skepe
9. 'n Tros druiwe
10. 'n Broeisel eiers

**B**

1. Die kinders loer **deur** die bosse.
2. Die beeste word **op** die vragmotor gelaai.
3. 'n Man lê **agter** die stryende mans.
4. Dumi pak takke **oor** sy sak.
5. 'n Man spring **uit** die vragmotor uit.

## Boek 3: Veediewe! — Aktiwiteit 2

1\. Sam staar na die dam. **Stelsin**
2\. O aarde, daar kom Julie! **Uitroep**
3\. Wat kan ons nou maak? **Vraag**
5\. Bly net hier! **Bevel**
5\. Sam loer by die motorvenster uit. **Stelsin**

## Boek 3: Veediewe! — Aktiwiteit 3

1. Mandla het gesê Thatho moet die motor bestuur.
2. Mandla het geglimlag.
3. Hulle het beeste gesteel.
4. Hulle het geweet die diewe is slegte mense.
5. Die ryk, vet mans was die diewe se base.
6. Nee, sy noem hulle "skebengas".
7. Hulle het pakke klere en goue juweliersware gedra.
8. Ek dink hulle het van Johannesburg gekom.
9. diere, gesig, glimlag, goue, stad, township

## Boek 3: Veediewe! — Aktiwiteit 4

**A**

1. Die beeste strompel teen die skuinste uit.
2. Julie haal diep asem en begin gil.
3. Dumi maak die deur oop en klim uit. / Dumi klim uit en maak die deur oop.
4. Die vragmotors dreun deur die hek.

**B**

1. Sam **haak** Thatho se pet.
2. Mnr. Smith is deur die veediewe **vasgebind**.
3. Die drie seuns **kruip** na waar die mans stry.
4. Sam **spring** wanneer iemand teen die venster klop.
5. Thatho **nael** om die hek vir die beeste oop te maak.

## Boek 4: Die bulderende rivier — Aktiwiteit 1

**A**

1. Die kinders **het** onder 'n grasdak **gestaan**.
2. Sam **het** bokke onder die akasias **gesien**.
3. Aandete **is** onder die sterre **bedien**.
4. Sam **het** na Julie en Dumi **gekyk**.
5. Mnr. Lithuli **het** sy arms oor sy bors **gevou**.
6. Thatho **het geskree**, en (**het**) sy pa **omhels**.

**B**

1. Sam **lê** op die rusbank.
2. Sam **klou** aan die kant van die boot.
3. Dit lyk asof haar kajak vir 'n oomblik vassit en toe **skiet** dit skielik in die lug op.

## Boek 4: Die bulderende rivier — Aktiwiteit 2

**A**

1. Sam lag baie en kan amper nie ophou nie.
2. Hy gaan slaap baie vroeg.
3. Sy verklap die geheim.
4. Hulle baklei vreeslik erg.
5. Die kind aard na sy/haar ouer.

**B**

1. Sam loop na die rusbank, **en** tel 'n strokiesboek op.
2. Julie buig onder die gewig van die water, **maar** sy hou nooit op met roei nie.
3. Die kinders dra reddingsbaadjies, **want** hulle wil nie verdrink nie.
4. Die seuns roei **totdat** hulle by Kugobhoza Umfula kom.
5. Die kinders sal na wild gaan kyk **as** die reën ophou.
6. Die kinders kan gaan visvang, **of** hulle kan by die kampterrein speel.

## Boek 4: Die bulderende rivier — Aktiwiteit 3

**A**

1. Graad 3-stroomversnelling
2. Graad 4-stroomversnelling
3. Graad 2-stroomversnelling
4. Graad 1-stroomversnelling

**B**

1. Sam klou **styf** aan sy roeispaan vas en probeer om nie aan krokodille te dink nie.
2. Dumi spring **ligvoets** van die boot af en gryp die kant van die ander opblaasboot.
3. Die opblaasvlot swaai **gevaarlik** van kant tot kant.
4. Angela sit **doodstil** tussen mnr. Lithuli en Julie.
5. Big Daddy bulder en stort **bruisend** na onder.

## Boek 4: Die bulderende rivier — Aktiwiteit 4

**A**

1. Prent van die groep wat by die gastehuis aankom.
2. Prent van die groep wat op die rivier vaar.
3. Prent van Angela se liggaam in die lug.
4. Prent van hoe Angela se arm gespalk word.
5. Prent van die groep wat by die gastehuis aankom, en die skare juig.

**B**

1. moeg – *uitgeput, pê, gedaan*
2. pragtig – wonderlik, mooi, beeldskoon
3. rus – lê, slaap, ontspan
4. aaklig – lelik, sleg, naar
5. angstig – benoud, bang, senuweeagtig
6. tevrede – gelukkig, bly, ingenome

## Boek 4: Om die wêreld — Aktiwiteit 1

1. Onwaar. Hulle woon in klein groepies.
2. lewe
3. “strawwe”
4. “in die noorde”
5. Hulle lewe ver van ander mense – afgesonderd.
6. “lewenswyse”
7. Onwaar. Hulle dra min klere.
8. Dit kom van diere. / Hulle klere is van dierevelle gemaak.
9. Dit is rooi.
10. bottervet, klei

## Boek 4: Om die wêreld — Aktiwiteit 2

1. China, Chinese, Chinese
2. Amerika, Amerikaners, Amerikaanse
3. Australië, Australiërs, Australiese
4. Brasilië, Brasiliane, Brasiliaanse
5. Duitsland, Duitsers, Duitse
6. Egipte, Egiptenare, Egiptiese
7. Engeland, Engelse, Engelse
8. Kanada, Kanadese, Kanadese
9. Kenia, Keniane, Keniaanse
10. Mexiko, Mexikane, Mexikaanse
11. Namibië, Namibiërs, Namibiese
12. Nigerië, Nigeriërs, Nigeriese
13. Spanje, Spanjaarde, Spaanse
14. Tanzanië, Tanzaniërs, Tanzaniese
15. Viëtnam, Viëtnamese, Viëtnamese

## Boek 4: Om die wêreld — Aktiwiteit 3

**A**

1. yskoud
2. papnat/sopnat
3. kurkdroog/horingdroog
4. hemelsbreed
5. pikdonker
6. dolleeg
7. propvol/stampvol
8. spieëlglad/seepglad
9. koeëlrond
10. loodswaar

**B**

1. klein, kleiner, die kleinste
2. mooi, mooier, die mooiste
3. groot, groter, die grootste
4. breed, breër, die breedste
5. droog, droër, die droogste
6. nat, natter, die natste
7. kort, korter, die kortste
8. hoog, hoër, die hoogste
9. min, minder, die minste
10. baie, meer, die meeste

## Boek 4: Om die wêreld — Aktiwiteit 4

**A**

1. Nee, dit reën **nie** baie in die Sahara **nie**.
2. Nee, dit is **nie** koud op die ewenaar **nie**.
3. Nee, die Amasone is **nie** die langste rivier **nie**.
4. Nee, berg Kilimandjaro is **nie** die hoogste berg **nie**.
5. Nee, dit sneeu **nooit** langs die Malawi-meer **nie**.
6. Nee, ek was **nog nie** by die Noordpool **nie**.
7. Nee, daar is **nie meer** olifante op Tafelberg **nie**.
8. Nee, daar is **nêrens** 'n gletser in Suid-Afrika **nie**.

**B**

1. koud
2. smal
3. laag
4. droog
5. vlak
6. oud
7. klein
8. naby
9. volop/algemeen
10. warm